

Dit is die eerste son­dag in Desember. Nog net twee son­dae, dan is dit Kers­dag. In aansluiting met die vorige boodskap­pe, wat beplan julle dat dit ‘n ware Christus­fees kan wees? Wat­ter geskenke gaan julle aan die gering­stes van die Here gee?

Die tema van die boodskap is: Wie van julle het al kersvader gesien?

Die meeste van ons het al. Ons weet hoe lyk hy. Hy het ‘n rooi pak en hoed, ‘n baard en is ietwat oorgewig. Die geluid wat hy die meeste maak is: “Ho-Ho-Ho!”

Hierdie jaar sal hy ‘n veilige afstand moet hou, so ons gaan waarkynlik minder kersvaders sien. Maar daar sal seker ‘n paar rooipak manne wees. Ek sien in Ierland is dit amptelik bevestig dat Kersvader ‘n noodsaaklike werker is.

Ons het reeds vir mekaar gesê dat Kersfees nie in die eerste plek oor Kersvader en geskenke gaan nie. Ons vier die geboorte van Jesus Christus. Daarom is die belangriker vrae: “Wie van julle het al vir Christus gesien? Wie van julle het al Christus sigbaar gemaak in die wêreld?”

Ek kry verlede week ‘n Watsapp video met die volgende boodskap. Die spreker hou ‘n pakkie Oreos en ‘n bruin papiersak vas. Hy vra watter een ons sal kies. Ek dink die meeste van ons sal die Oreo pakkie kies omdat ons weet die pakkie het ‘n heerlike inhoud. Die verpakking maak dat ons die inhoud wil hê.

Baie mense ken nie Here nie, maar hulle ken jou. Mense het Jesus nog nooit ontmoet nie, hulle het jou ontmoet. Maak die feit dat mense jou ken en jou verpakking sien en hoor dat hul die Here wil leer ken?

Die belangriker vraag is nie: “Wie het al Kersvader gesien nie?”, maar: “Wie het al die Here gesien? Hoe lyk die Here? Wie maak die Here sigbaar?”

Skriflesing: 1 Joh 2:3-6; 1 Joh 4:10-12

As ek nou vir jou vra om ‘n prentjie te teken van die Here, wie Hy is en wat sy karaktereienskappe is, wat sal jy teken? Een van die beste tekeninge van Hom kry ons in 1 Joh 4:10: “¹⁰Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.”

Vir my teken die kruis die Here. Aan die kruis word sy liefde vir ons sigbaar.

Maar hoe moet sy liefde in die wêreld sigbaar word? Ons lees in 1 Joh 2:6 in “die Boodskap”: “Ons moet dus nie net praat oor wat Hy wil hê nie. Ons moet elke dag daarvan werk maak om presies te leef soos Jesus geleef het.”

Wat wil die Here hê van ons as sy kinders? Hoe het Jesus geleef? Hy het liefde geleef. Die sluit aan by die vorige boodskap.

In Matteus 22 maak die Here sy wil vir ons glashelder. Ons moet die Here liefhê met alles wat ons is en het. En ons moet ons naaste liefhê soos onself. In Johannes 13 lees ons dat ons mekaar moet liefhê, soos Hy ons liefhet.

Deur liefde te leef, moet ons die Here vandag sigbaar maak. Iets van wie die Here is, iets van sy liefde moet uit ons uitvloei. Kom ons wees, gehoorsaam aan sy roeping, sy fontein van liefde.

Die meeste van ons het die volgende verhaal van die sendeling al in een of ander vorm gehoor. 'n Groep sendelinge het in China gaan sendingwerk doen. Mense by een sendingstasie was besonder lief vir een van sendelinge en hy was ook lief vir hulle. Toe die Kommuniste aan bewind kom, het hulle sendingwerk verbied. Die sendingwerkers kon wel aanbly, maar hulle mag nie getuig het oor Jesus Christus as Verlosser nie. Die meeste sendelinge het besluit om huis toe te gaan. Die spesifieke sendeling het besluit om te bly. Hy het besluit om die goeie nuus van Jesus Christus oor te dra deur sy voorbeeld. So het hy vir mense bly wys wie Christus is.

Jare later het die owerheid weer toegelaat dat sendingwerk in China gedoen word. Nuwe sendelinge het gekom en mense van Jesus vertel. Een van die Chinese het gesê: "Ons ken die man Jesus van wie julle praat. Hy het jare hier by ons geleef. Ek sal sy graf vir julle gaan wys." Die sendeling het soos Jesus geleef. Hy het Christus se liefde sigbaar gemaak.

Ek en jy maak vandag Jesus sigbaar wanneer ons sy liefde uitleef, geskenke van liefde gee en onself as geskenk van liefde gee.

Ons lees in 1 Joh 4:10-12: "¹⁰Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. ¹¹Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê. ¹²Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik."

In "die Boodskap" is vers 12 so vertaal: "Niemand het God nog ooit gesien nie, As ons egter mekaar liefhet, kan mense God in ons lewe sien."

Daar is 'n gewilde sêding onder gelowiges: "Verkondig die evangelie en as dit nodig is gebruik woorde. Ek hoop nie jy gebruik dit of glo dit nie. Dit is om te sê: "Wys vir die honger mense kos en as dit nodig is, gee vir hulle kos." Dit werk doodgewoon nie so nie. Kos moet uitgedeel word.

Ek moet so liefde leef en 'n voorbeeld stel dat ander Christus en sy liefde in my sal sien en my daarvoor sal uitvra. En wanneer hulle dan vra waar my liefde en diensbaarheid vandaan kom, vertel ek hulle van Christus. Ons kan nie woorde en dade van liefde van mekaar skei nie. Getuienis en diensbaarheid loop hand aan hand.

Ons sou baie lank kon praat oor waar ons oral Jesus kan sigbaar maak. Ek wil net twee belangrike plekke noem waar ons sy liefde moet sigbaar maak.


Ek praat eers met die manne. Die belangrikste plek waar ons Jesus se liefde moet sigbaar maak, is in ons huwelike. Ons lees in Efes 5:25: "Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het."

As iemand vir my as man vra: "Hoe lyk die liefde van Here", dan moet ek as getroude man kan sê: "Kyk na my liefde vir my vrou."

Desember maand het reeds begin en, as ons nie inperk word nie, gaan baie van ons oppad wees. Ook oppad moet ons Christus sigbaar maak. Op 'n stadium was dit nogal mode om 'n

vissie op jou kar te plak. Weet jy wat beteken die vissie? Die Grieks vir vis is ichthus. Die Griekse woord verskyn binne in die vis teken. Ek sit hierby 'n verduideliking daarvan:

The Ichthus (“Fish”): An Acronym



Ons kan die plakketjie plak of die hangertjie dra, maar dan moet ons die betekenis van die vis uitleef in die manier waarop ons bestuur.

Ek het kersvader gesien!

Ek dink nie die wêreld het so groot behoefte om kersvader te sien nie. Die meeste van ons het Hom al gesien.

Die wêreld wil graag vir Christus sien! Die Here het my en jou gekies en vul ons met die Heilige Gees om Hom en sy liefde sigbaar te maak.

Dankie aan almal wat Hom sigbaar maak by jou huis, werk en in die samelewing. Jy maak Hom sigbaar in jou glimlag, omgee, liefde, sorg, gebede en sommer net opdaag waar daar nood is. Dankie vir verpleegpersoneel wat Hom sigbaar maak in die hospitale en versorgers wat Hom sigbaar maak in ouetehuse en by huise waar jul omsien na mense.

Dankie dat jy Hom sigbaar maak daar waar jy is. Niemand het God nog ooit gesien nie, as ons egter mekaar liefhet, kan mense God in ons lewe sien.

Ek sluit af met dié verhaal van Alexander die Grote. Alexander was bekend as 'n dapper aanvoerder van sy leer. Op 'n dag bring hulle 'n soldaat voor hom wat aangekla word dat hy 'n lafaard is. In die hitte van die stryd het hy sy mede-soldate in die steek gelaat en weggehardloop. Toe Alexander die Grote die man vra wat sy naam is, antwoord hy dat sy naam ook Alexander is. Daarop sê Alexander die Grote vir Hom: “Verander jou naam, of verander jou gedrag.

Ons bely met trots dat ons Christene is. Dan moet ons leef soos Christus. Of ons moet onself nie Christene noem nie.

Amen